

Swaarkry is goed vir jou

Almal van ons beleef beproewinge en swaarkry in ons lewens. Miskien worstel jy vandag met een of ander krisis. Onthou, dit is goed vir jou! God sê so. Ons het twee dinge waaroor ons bly kan wees en in kan roem, naamlik *hoop en swaarkry*. Eintlik is dit twee teenoorgesteldes. Hoop is positief en toekomsgerig. Swaarkry is negatief en word in die hede beleef.

Wat is die inhoud van die hoop? Om deel te hê aan die heerlijkheid van God. Dit beteken dat Christus vir ons die sonde, die dood en Satan oorwin het; dat ons reeds die ewige lewe ontvang het en eendag die volle heerlijkheid sal ingaan omdat ons glo.

Waar pas swaarkry dan in? Dit is dan negatief, seer en vol pyn. Hoe goed weet ons dit nie! Maar kyk nou na die kettingreaksie wat Paulus hier beskryf. Swaarkry kweek (bring voort) volharding. Volharding bring egtheid van geloof. Ware geloof gee ... hoop.

Ons het nie twee teenoorgesteldes hier nie, maar twee keer *hoop*. In die lewe van elke dag bring swaarkry uiteindelik hoop, en ons hoop beskaam nie. Dit sal jou nie in die steek laat nie, want dit kom van God af. Hy het sy liefde in ons harte uitgestort (uitgegooi) deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. Al is jou swaarkry hoe erg, onthou jou hoop. Onthou die Gees wat God jou gegee het, maak jou vol met krag, liefde en selfbeheersing (2 Tim 1:7).

Wees bly as jy swaarkry – dit is die pad van hoop na heerlijkheid. Jy het eindelose hoop.

Sing: Psalm 116:1-3

Ds. W Vogel (Cachet)